# VOORAF

*Hierdie bundel etiese opstelle word in dankbaarheid opgedra aan dr. S. P. van der Walt.*



*Sarel Petrus van der Walt is op 18 April 1907 op Bethal gebore. Hy voltooi sy teologiese studie op Potchefstroom in 1930 en bedien agtereenvolgens die volgende gemeentes: Johannesburg/Johannesburg-Wes/Johannesburg-Suid (1931—1932) (as hulp vir ds. W. J. de Klerk), Johannesburg-Suid (1932—1946), Johannesburg-Noord (1946—1950), Potchefstroom-Noord (1950—1953) en Hennenman (1976—). In 1942 behaal hy 'n D.Phil-graad aan die PU vir CHO met 'n proefskrif oor* Die Wysbegeerte van Herman Bavinck *(Pro Rege Pers, Potchefstroom 1953). Dit bied aan hom 'n deeglike basis toe*

*hy in 1953 benoem is as teologiese professor om veral Apologetiek en Etiek te doseer. Sy aanvanklike belangstelling gaan uit tot die Apologetiek. In 1955 inougureer hy met 'n rede oor* Gereformeerde Apologetiek. Sy taak en terrein *(apart verskyn as 'n herdruk uit* Koers, *deel 33 no. 1, Aug. 1955). Voortgaande in hierdie lyn publiseer hy in 1961* Dwaling en Waarheid. Oor sektes en godsdienstige strominge *(Pro Rege Pers, Potchefstroom 1961).*
*Gedurende latere jare, tot met sy emeritaat in 1973, ontwikkel hy al hoe meer belangstelling vir etiese vraagstukke. Daarvan getuig sy* Gods Wet en „die ander wet" *(Potchefstroom s j) asook talle artikels, sommige waarvan in hierdie publikasie opgeneem is. Hy keer in 1976 terug tot die bediening as predikant van die Geref. Kerk Hennenman.*

*Hy is getroud met Elizabeth Postma, dogter van wyle prof. en mev. Ferdinand Postma. Uit die huwelik is vier kinders gebore. Sedert 1973 vestig hy hom op Vanderbijlpark waar hy optree as rektor-in-die-klein van die nuwe satellietkampus van die PU vir CHO.*

*Wars van alle verstarring was hy altyd bereid om prinsipieel in te gaan op vrae van die moderne tyd. As hy oor die veranderende wêreld skryf, dan noem hy: „Die mooi dinge wat gesê word selfs deur persone wat algemeen veroordeel word as teoloë wat alles vanuit die horisontale blik wil sien, moet nie maar dadelik as aweregs opsy geskuif word nie. Daar is baie valshede, maar daar is ook splinternuwe gedagtes wat eie is aan ons eie rigting. Teologie mag nooit stagneer nie. Eie aan die teologie is dat hy progressiewe teologie moet bly. Elke predikant is ook teoloog en alleen deur voortdurend te sif en te keur, kan ons almal deelneem aan 'n Gereformeerde progressiewe teologie. Ons staan in die proses en wat ons in Suid-Afrika nodig het, is ook 'n verantwoorde en noukeurige gekeurde horisonverwyding* (Die Kerkblad, *14 Maart 1972, bl. 11). As hy sy gedagtes laat gaan oor die politieke teologie, kom dit van die hart: „Ons staan maar aan die begin (van die rewolusie) en tog voel elkeen dat dit nie so kan voortgaan nie. Uiteindelik sal onderdrukkende maatreëls nie meer voldoende wees nie; weerhoudende geweld sal swig voor volgehoue aanslae. Iets meer positief sal in die plek gestel moet word . . ." (*Die Kerkblad, *5 Julie 1972, bl. 8). Ook in die prediking „moet daar 'n groot, 'n baie groot verandering kom. Dit is moeilik om die verandering onder woorde te bring, maar ek kan 'n poging waag deur te sê: ons prediking was in die verlede sterk* dogmaties *gekleur en dit moet nou ook* eties *wees, sonder om die dogmatiese of leerstellige prys te gee." (*Die Kerkblad, *20 Febr. 1974, bl. 10). Ek kan ook verwys na sy besinnende artikels in* Woord en Daad *van Jan. 1974 en Maart 1977 oor die tans so aktuele tema van* Sondagviering. *Natuurlik wou hy geen rewolusionêr wees nie, maar hy was bereid om steeds reformatories in te gaan op die moderne en veral etiese vraagstukke van ons tyd. En hiéraan is in teologie en prediking, in pastoraat en in daaglikse lewe 'n skreiende behoefte.*

*Mag hierdie bundel besinnende opstelle 'n helpende hand bied aan ons teoloë en studente, veral vir diegene wat belangstel in Etiek.*

*AMIE VAN WYK*